STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 43 - 2018 • EDITION 43 - 2018

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners

Daar is so baie inspirerende mense in ons gemeenskappe wat 'n verskil maak, maar ons weet maar net nie altyd van hulle nie. Ek het onlangs weer so 'n vrou ontmoet wat 'n reuse impak het in ons Munisipaliteit en deel dit graag haar verhaal met almal.

Phiweka Kwaza is 'n inwoner van Kayamandi. Beide haar ouers is oorlede toe sy nog op skool was en skielik was sy die broodwinner in haar gesin. Sy moes reeds op 16 begin werk en het hard probeer deur allerhande los werkies te doen. Sy het nie moed opgegee nie en sy het uiteindelik besluit om die boubedryf aan te pak. Phiweka het haar eie konstruksiemaatskappy in 2008 begin. Sy moes verskeie struikelblokke oorkom en moes hard baklei teen die stereotipe dat vrouens nie in die bedryf hoort nie. Sy het egter baie hard gewerk en vir haarself naam gemaak as 'n perfeksionis en iemand wat nie halwe werk duld nie. Vandag werk ongeveer 15 mense vir haar en sy doen moeite om hierdie mense vaardighede te leer en hulle te motiveer. Omdat sy baie goeie werk vir die Munisipaliteit gedoen het, het ons Departement van Behuising haar ingeskryf vir 'n Govan Mbeki-toekenning. Hierdie toekennings word jaarliks aan munisipaliteite en konstruksiemaatskappye toegeken vir uitnemende werk in die bou van volhoubare gemeenskappe. Phiweka het tweede gekom in die kategorie vir Beste Opkomende Vrouekontrakteur in die gesubsidieerde mark! Dit was my so 'n voorreg om haar sertifikaat onlangs self aan haar te oorhandig. Ek kon toe ook haar skoolgaande dogter ontmoet en dit het my hart geruk toe haar trane loop oor haar ma se sukses.

Dear Residents,

There are so many inspiring people in our communities that make 'n difference, and we don't always know about them. I recently met a woman who has made a difference in our Municipality and I want to share her story with you.

Phiweka Kwaza is a resident of Kayamandi. Both her parents passed away when she was still at school and she unexpectedly became the sole breadwinner of her family. She started working at the age of 16 and worked hard at all sorts of odd jobs. She did not lose hope and finally decided to tackle the construction industry. Phiweka started her own construction company in 2008. She had to overcome many obstacles and had to fight back against the stereotypes that women do not belong in this industry. However, she worked hard and made a name for herself as a perfectionist and someone who does not tolerate poorly executed work. Today, she employs about 15 people and goes to great lengths to teach them skills and to motivate them. Because she did very good work for the Municipality, our Housing Department entered her into the annual Govan Mbeki-awards. These awards are awarded to municipalities and construction companies for excellent work and the creation of sustainable communities. Phiweka was the runner-up in her category for Best Upcoming Woman Contractor in the Subsidised Market! It was such a privilege for me to personally hand over her certificate to her. I also met her young daughter and it touched my heart when she cried with pride over her mother's success.

Phiweka says her motivation is her beautiful daughter, because she wants to show her that nothing is impossible and she wants to create better opportunities for

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/
Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Water - *bl/pg 2*

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY INITIATIVE

Phiweka sê haar motivering is haar pragtige dogter, want sy wil vir haar dogter wys niks is onmoontlik nie en sy wil vir haar beter geleenthede skep. Hierdie wonderlike positiewe vrou het my sommer weer geïnspireer en ek weet daar is baie sulke onbekende helde in ons gemeenskap. Skryf asseblief vir my en laat weet van hulle.

Mense vra dikwels hoe ons help om ons voorskoolse kinders te bemagtig vir hul toekoms. Daarom vertel ek graag van Nedbank en Ranyaka se "Trots op my Dorp" inisiatief wat onlangs hier in Stellenbosch geloods is. Die inisiatief fokus daarop om vroeë kinderontwikkelingsfasiliteite te help met hulpbronne en nakoming van voorskrifte om hulle te laat kwalifiseer vir finansiële hulp van die Provinsiale Regering. Vroeë kinderontwikkeling is uiters belangrik omdat dit 'n reuse impak het op die toekoms van ons kinders en gee hul 'n baie groot voorsprong in ontwikkeling. Daarom is die werk van die skoolhoofde en onderwysers van die voorskoolse fasiliteite so belangrik en dit was fantasties om so baie van hulle van regoor die breër Stellenbosch te ontmoet. Hierdie vroue maak dit hul lewensdoel om voorskoolse fasiliteite beskikbaar te maak in hul gemeenskappe.

Alhoewel die Munisipaliteit nie self sulke fasiliteite kan besit en bestuur nie, het ons wel 'n beleid waardeur ons probeer verseker dat daar genoeg sulke fasiliteite oral in ons gemeenskappe is, wat toeganklik is vir voorskoolse kinders. Waar moontlik probeer ons ook geboue of grond beskikbaar maak om te gebruik as voorskoolse fasiliteite. Ek wil baie dankie sê aan privaat rolspelers soos Nedbank en Ranyaka wat hulself verbind het tot voorskoolse onderrig en om hierdie onderwysers te help.

Die nuwe Klapmuts veeldoelige gemeenskapsentrum is amper klaar en is 'n absolute pragtige, moderne en eko-vriendelike gebou wat toegerus is met sonpanele om elektrisiteit op te wek en watertenks om reënwater op te vang vir gebruik binne die gebou. Die sentrum sal gebruik kan word vir gemeenskapsvergaderings en gemeenskapsgeleenthede en daar sal ook munisipale dienste gehuisves word. Dit sal dan soveel makliker wees vir inwoners daar om gebruik te maak van ons basiese dienste. Tans moet hul ten duurste vervoer betaal om na Stellenbosch dorp te gaan daarvoor. Die sentrum is ook toegerus met 'n rekenaar fasiliteit wat gebruik gaan word om rekenaarvaardighede vir die gemeenskap te leer. Dit vorm deel van die Provinsiale Regering se "Cape Access " program en sal inwoners help om makliker toegang te kry tot belangrike regeringsinligting en sal hulle in staat stel om munisipale rekeninge en boetes te betaal en selfs om belastingopgawes aanlyn in te dien. Die omliggende skole sal dit kan gebruik vir opvoedkundige doeleindes en navorsing terwyl kerndienste soos SASSA en Hofaansoeke teen geweld teen vroue en kinders ook sekere dae aangebied sal word. Ek is so opgewonde om dit amptelik te open en oor te gee aan die gemeenskap!

U sou in die nuus gesien het dat ons besig is met 'n proses om die watertariewe te hersien. Ons was werklig geseën met die baie lekker reën gedurende die wintermaande al is die damme nog nie vol nie. Die droogte is nog steeds nie heeltemal gebreek nie en in terme van die regulasies van die Nasionale Departement van Water en Sanitasie bly waterbeperkings steeds in plek. Om ons inwoners te help, het ons egter besluit

her. This wonderfully positive woman inspired me and I know that there are many upcoming heroes like her in our communities. Please write to me and let me know about them.

People often ask us how we help to empower preschool children for the future. That is why I am happy to share the Nedbank and Ranyaka "Proud of my Town'' initiative, that was recently launched in Stellenbosch. The initiative focuses on helping early childhood development facilities with resources and adhering to regulations to help them to qualify for financial aid from the Provincial Government. Early Childhood Development is extremely important because it has an enormous impact on the future of our children and gives them a huge advantage in development. That is why the work of school principals and teachers in these preschool facilities are so important. It was wonderful to meet so many of them from across Stellenbosch. These women make it their life's mission to provide preschool facilities in the communities.

Although the municipality cannot own or manage these types of facilities, we have a policy through which we try and ensure that there are sufficient facilities throughout our communities that are accessible to preschool children. Where possible we try to provide buildings or property that can be used as early childhood facilities. I want to thank private stakeholders like Nedbank and Ranyaka who commit themselves to early childhood development and to assist these teachers.

The new Klapmuts multipurpose centre is almost completed and it is a beautifully modern and eco-friendly building equipped with sun panels to generate electricity and water tanks to collect rainwater for use inside the building. The centre will be used for community meetings and other community events. Important municipal services will also be housed there. This will make it so much easier for residents to access these basic services. At the moment they have to pay for transport to Stellenbosch town to access administrative services. The centre will also be equipped with a computer facility that will be used to teach computer skills to the community. This forms part of the Provincial Government's *Cape Access* program and it will help residents to gain easier access to important government information, pay fines and even do taxes online. The surrounding schools will also be able to use it for educational purposes and research while core services like SASSA and Court Applications for violence against women and children will also be rendered on certain days. I am so excited to officially open this facility and hand it over to the community!

You would have seen in the news that we are in the process of reviewing our water tariffs. We were truly blessed with wonderful rain during the winter months, although our dams are not completely filled. The drought has not yet passed and in terms of regulations from the National Department of Water and Sanitation, water restrictions must remain in place. To assist residents we have however decided to relax the restrictions slightly to level 5. I want you to know that, unlike other neighbouring municipalities, we never raised the tariffs past level 4, even though our restrictions were at level 6 for a long time. We thus never implemented level 6

om die beperkings ’n bietjie te verslap na vlak 5. Ek wil graag hê dat u moet weet dat, anders as die omliggende munisipaliteite, het ons nooit die water se koste verhoog verby vlak 4 nie, al was ons beperkings vir ‘n tyd lank op vlak 6. Ons het dus nie spesiale vlak 6 water tariewe gehad soos byvoorbeeld Kaapstad of Drakenstein nie. Ons tariewe was ook deurentyd minder as hulle tariewe, maar ons besef dat inwoners baie swaar kry in die huidige ekonomiese klimaat. Met die verbetering van die watersituasie het ons dus besluit om die tariewevlakke te hersien om moontlike verligting vir u as inwoners te bring. Hou asseblief die plaaslike pers dop of kyk op ons webblad vir nuus oor die tariewe. Teen die einde van Oktober sal daar ‘n besluit in die Raad geneem word hieroor. Ek wil almal vra om asseblief nie op te hou om water te bespaar nie. Ons het nie n idee wat die komende somer en volgende winter vir ons inhou nie. Ons weet wel dat water in ’n waterskaars land met ’n groeiende bevolking nooit weer volop sal wees nie. Ons almal moet steeds 8 kiloliter per maand per huishouding gebruik, maar daar is steeds gesinne wat 60 kiloliter per maand gebruik! Dit sal moet verminder of die rekeninge sal steeds hoog wees, selfs al verminder ons die tariewe.

Ons gaan steeds voort met waterbevordering en het dan ook nou in die Munisipale woonstelle afsonderlike meters vir elke woonstel ingesit. Vroeër was dit ’n gedeelde gebruik en kon ons nie bepaal wie aangespreek moet word vir watervermorsing nie. Nou is elke huisgesin verantwoordelik vir hul watergebruik.

Oktober was Nasionale Vervoermaand. Soos al ons inwoners weet, bly druk verkeer ‘n uitdaging vir almal wat in ons area woon en werk. Ons is egter deurlopend besig om met verskeie rolspelers te vergader oor hoe om planne te maak om die druk te verlig en ook omgewingsvriendelike oplossings te bied. Dit was interessant om die manne van Mellowcab te ontmoet. Mellowcab vervaardig elektriese mini-taxi’s wat hul tans in Technopark bou en in Stellenbosch wil ontplooi. My toetsrit deur die dorp het my nes ’n regte toeris laat voel! Mellowcabs het ook deel geneem aan ‘n proeflopie vir parkeer-en-ry geleenthede as deel van Vervoerweek. Sou dit implementeer word, sal dit ‘n eko-vriendelike en bekostigbare oplossing vir kort afstand vervoer binne ons dorp bied. Hulle hoop om in Januarie 2019 voltyds op ons paaie te wees. Kyk uit vir die geel karretjies!

Daar is so baie uitblinkers oraloor ons Munisipaliteit wat ons trots maak. Graag sê ek geluk vir Judith Davids wat onlangs aangewys is as die nuwe Mevrou Stellenbosch! Baie geluk met die toekenning Mev Davids! Ons wynbedryf skitter ook en het onlangs verskeie internasionale toekennings ontvang. Kleine Zalze het geskiedenis gemaak toe hul Shiraz met die Grand Prix trofee en die Shiraz trofee by die Michelangelo wyntoekennings weggestap het. Die Kanonkop-landgoed het onlangs ook die eerste nuwe wêreldse wyn (Wyne van Australië, Kanada, Chille, New Zeeland, Suid-Afrika en die VSA) geword wat 100 uit 100 punte gekry het vir hul 2015 Kanonkop Paul Sauer wyn. Dit is toegeken deur ‘n wêreldbekende Britse wynkenner en is ‘n ware pluimpie vir ons streek. Daar is egter so baie uitstaande wyne dat dit moeilik is om by te hou met die toekennings. As u vir my laat weet van besondere prestasie op enige gebied, deel ek dit graag met almal.

Ek is elke Maandag buite op besoeke aan die verskillende

water tariffs like Cape Town and Drakenstein. Our tariffs also remain lower than theirs throughout, but we realise that residents are struggling in the current economic climate. With the improvement in the water situation, we therefore decided to review our tariff levels to bring possible relief to our residents. Please keep an eye on the local media or our website for news about the tariffs. By the end of October, Council will take a decision on this matter. I want to urge everyone to continue to save water. We have no idea what the approaching summer and next winter will bring. We do know that water will never again be in abundance as we are a water scarce country with a growing population. We have to limit ourselves to 8 kilolitres per household. There are however still households that use 60 kilolitres of water! Usage will have to be curbed otherwise your accounts will remain high, even if we lower the tariff.

We continue with our efforts to promote access to water and we have now installed separate water meters in municipal flats. Previously it was a shared meter and we could not determine who was to be held responsible for wasting water. Now every household will be responsible for their own usage.

October was National Transport Month. Residents will be well aware that severe traffic congestion remains a challenge for everyone who lives and works here. We are however continuously meeting with stakeholders and working on solutions to ease the congestion and to provide environmentally friendly solutions. It was very interesting to meet the guys behind Mellowcab. Mellowcab produces electrical mini-taxi’s that are currently constructed in Technopark and they want to deploy it in Stellenbosch. My test drive through town made me feel like a real tourist! Mellowcabs also participated in a pilot park-and-ride opportunity as part of Transport Week. If this is implemented it will make an environmentally-friendly and affordable solution for short distance transport possible in our town. They hope to launch in January 2019. Look out for these small yellow cars!

There are so many achievers across our municipality that makes us proud. I want to congratulate Judith Davids who recently was chosen as the new Mrs Stellenbosch! Congratulations with your new title, Mrs Davids. Our wine industry is also shining and recently received several international awards. Kleine Zalze made history when their Shiraz won the Grand Prix award and the Shiraz award at the Michelangelo Wine Awards. Kanonkop-estate recently became the first wine of the new world (Wines from Australia, Canada, Chile, New Zealand, South Africa and the USA) to get 100 out 100 for their 2015 Kanonkop Paul Sauer Wine. This was awarded by an internationally renowned British wine critic and is a true feather in the cap for our region. There are however, so many excellent wines in our region it is challenging to keep up with all the awards. Let me know of any special achievements in any area so that I can share it with everyone.

Every Monday, I am doing outside visits in various communities and then I make time to get to know the people in our communities and to get to know their challenges and needs in terms of service delivery. That is how I had the

gemeenskappe en maak dan tyd om mense in die gemeenskap te leer ken en hulle behoeftes en probleme ten opsigte van dienslewering te hoor. So het ek ook die geleentheid gekry om twee van ons ouer inwoners persoonlik geluk te wens met hulle verjaarsdae! Oom Johnie Arnolds van Idasvallei het 85 jaar oud geword en tannie Martha Scheepers van Pniël 97 jaar oud! En ek kon baie leer by hulle oor die probleme wat die gemeenskap ervaar. As u wil hê dat ek u gebied moet besoek, laat weet my asseblief.

Behuising en die nood daarvoor oor 'n hele spektrum van prysklasse bly 'n groot kopseer. Ons het nou begin met 'n totale hersiening van ons behuisingswaglys, want baie mense beweer hul is in die verlede oorgesien met huistoekennings en dat met die samevoeging van Munisipaliteite het hulle name van die lyste verdwyn. Almal wat 'n bewys het dat hul iewers op 'n lys was, moet dit asseblief na vore bring sodat hul 'n regverdige plek op die lys kan kry. As Burgemeester is ek onverbiddelik oor regverdige toekenning. Hierdie nuwe stelsel sal ook reflekteer waar mense bly, in watter tipe strukture en waarvoor hul kwalifiseer. Dit sal ons in staat stel om beter te beplan vir die behoeftes van ons mense. Die ontwikkeling in Idasvallei vorder goed en die gemengde ontwikkeling in Jamestown se tender sal ook binnekort toegeken word. Al die oop grond binne die munisipale stadsgrense word tans herbeskou vir moontlike behuisingsprojekte.

Baie sterkte aan alle matrieks en studente met die eindeksamens. Ons wens almal, asook die ouers en onderwysers, sterkte toe met hierdie moeilike en stresvolle tyd.

Laastens wil ek u vertel van 'n wonderlike gemeenskapsinisiatief. Ek was onlangs geseënd om getuie te wees toe die pastore en geestelike leiers van Kayamandi die Kayamandi Ministers Fraternity gevorm het om geestelike en ontwikkelingsprogramme in die gebied te bevorder. Ons sal ook as vennoot optree om ons mandaat van gemeenskapsontwikkeling te help in daardie gebied. Ek is ook bekend met die Leraarskring in Cloetesville en Idasvallei en gaan ook binnekort die eweknie hiervan in Franschhoek besoek. As ons as Munisipaliteit kan hande vat met ons geestelike leiers in gemeenskapsbou, sal dit ons taak baie makliker maak om ons gemeenskappe te bevorder. Ek wil dan ook graag al hierdie organisasies bedank vir hul wonderlike werk en almal verseker dat ons jul na waarde skat. As daar nog sulke forums bestaan, laat weet my asseblief.

Nou ja, die jaar loop leeg en almal is op 'n drafstap! Laat weet egter steeds as u Munisipale diensleweringsprobleme het –as ons dit nie weet nie, kan ons dit nie regmaak nie en ons weet daar is nog baie om reg te maak.

Beste Wense
Burgemeester Gesie

opportunity to meet two of our older residents and to personally congratulate them with their birthdays! Uncle Johnie Arnolds of Idas Valley turned 85 and Aunt Martha Scheepers from Pniel turned 97 years old! What a milestone! I was able to learn a lot from them about the challenges the community faces.

Housing and the need for it in a spectrum of price ranges is still a great concern. We have now started a process to completely review our housing waiting list because many people say that they were skipped in the past with the allocation of housing and that with the amalgamation of the previous municipalities, their names were dropped from the list. Everyone who is in possession of proof that they were on the housing list must please present the proof so that they can claim their rightful place on the housing list. As Mayor, I am committed to a fair and just process. This new system will also reflect where people live, in what type of structures they reside and what they qualify for. This will enable us to better plan for the needs of our people. The development in Idas Valley is making good progress and the tender for the mixed development for Jamestown will also be awarded soon. All the open land within the municipal town borders are currently being looked at for possible housing projects.

Good luck to all the matrics and students with their final exams. We wish everyone, including the parents and teachers, all the best during this difficult and stressful time.

Lastly I want to inform you about a wonderful community initiative. I was very blessed to recently attend and be witness to the formation of the Kayamandi Ministers Fraternity by the spiritual leaders and pastors of Kayamandi. The fraternity willlook after the spiritual and developmental needs of the area. We will also partner with them to implement our mandate of community development and assist with development in the area. I am also familiar with the Leadership ring in Cloetesville and Idas Valle and will also meet with their equivalent in Franschhoek. As a municipality, we have to take hands with our spiritual leaders in order to build and enhance our communities. I want to visit all these organisations and thank them for the wonderful work they do and I want to assure you that I value everyone! If there are any more forums like this, please let me know as I would love to get in touch!

The end of the year is fast approaching. Please let me know if there are any service delivery problems – if we don't know about it, we can't fix it and we know there are still many things that need to be fixed.

Best Wishes
Mayor Gesie